**OESTERBAAI INWONERSVERENIGING**
**NOTULE: VERGADERING VAN DIE BESTUURSKOMITEE GEHOU OP 10 AUGUSTUS 2022 OM 10:00 TE H/V BRANDER EN ROMANSTRATE, OESTERBAAI**

**TEENWOORDIG**
Walter Kurten
Adriaan van Wyk
Otto Pepler
Hylien de Jonge
Riekie Pienaar
Anita Swanepoel
Buks Degenaar
Martiens Kuneke
Maranda Degenaar

**1 OPENING & VERWELKOMING**

Walter heet almal teenwoordig welkom. Hy open die vergadering met gebed. Hy dra ook Joe Meyer se familie op aan God en vra vir troos vir die familie. Hy dank God ook vir die tyd wat Joe as toegewyde gemeenskap-ondersteuner aan ons geleen is.

**2 VERSKONINGS**

Geen.

**3 AANVAARDING VAN VORIGE NOTULE**

Die notule van die vergadering, gehou op 6 Mei 2022, word aanvaar en goedgekeur. Voorgestel: Buks. Sekondant: Maranda

**4 HERSIENING VAN PORTEFEULJES**

As gevolg van die afsterwe van Joe word daar veranderinge aan die Portefeuljes aangebring. Slegs veranderinge word aangedui.

Finansies – Walter word bygevoeg
Watervoorsiening – slegs Otto en Buks
Omgewingsake: Duine, Parkering, Toiletgeriewe – Otto en Buks sal verantwoordelikheid neem.

Walter noem dat Nomvelo van die Departement van Omgewingsake van die Munisipaliteit ‘n aangename persoon is om mee saam te werk. Hulle sal haar kontak.

Adriaan meld dat Christoff van die karavaanpark ook laat blyk het dat hy belangstel om te help. Hy het kennis van grondverskuiwingsmasjiene. Hy sal ook gekontak word.

Paaie – Buks en Walter

**5 SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**

**5.1 FINANSIES**

Martiens bespreek die Finansiële staat. Sien aangeheg. Daar is min verskil teenoor die verslag van 6 Mei 2022. Minder donasies as verlede jaar is inbetaal.

Martiens vra dat lede wat werkers betaal het en persoonlike uitgawes aangegaan het, eise moet inhandig. Selfs al skenk hulle dit, moet die uitgawes aangedui word.

Die fondse in die DBV rekening word na die algemene rekening oorgedra.

**AKSIE: MARTIENS**

Otto stel voor dat die OIV beter bemark moet word deur die uitgawes van die afgelope 5 jaar in die kwartaalverslag of Nuusbrief geplaas moet word. Martiens onderneem om 'n lys van uitgawes vir die afgelope 5 jaar vir Walter te gee om in die Nuusbrief te plaas.

**AKSIE: MARTIENS EN WALTER**

**5.1.1 Bossiekapper/randsnyer**

Otto stel voor dat 'n bossiekapper – randsnyer (alles – in – een – masjien) aangekoop en by Walter gestoor word.

**AKSIE: WALTER**

**5.1.1 Ledelys**

Otto vra weer vir 'n ledelys van bydraes/ledegeld van inwoners. Walter en Martiens onderneem om dit aan Otto te gee. Otto onderneem om die nuwe inwoners wat nie betaal het nie, te besoek.

**5.2 GEMEENSKAPSAAL**

Riekie vra of die watertenks vir die gemeenskap se gebruik is. Walter het die inwoners van Umzamowethu gevra om vooraf te reël indien hulle van die water benodig. Die hek kan ook op 'n spesifieke dag vir die doel oopgesluit word.

Voorstel: Inwoners kan Donderdae gedurende die Biblioteek ure, 10:00 – 11:00 water kom tap.

Walter noem dat die water eintlik net na die agterste tenks loop.

Adriaan noem dat verskeie oproepe gemaak is om die rommel te laat verwyder. Sommige van die orige pale is reeds deur Charmaine Kettledas verwyder. Umzamowethu wil dit by die sokkerveld gebruik.

**5.3 AFVALSTORTINGSTERREIN**

Walter noem dat die werkers nou by die hek tye hou.

Otto noem dat hy met Andries, wat nou by waterwerke werk, sal reël om die gras binne die terrein te sny soos nodig.

**5.4 KOMMUNIKASIE**

**5.4.1 Kwartaalverslag**

Walter vra dat lede asseblief moet insette gee vir die volgende kwartaalverslag.

**AKSIE: ALLE BESTUURSLEDE**

### 5.4.2 Oesterbaai Nuusbrief

Die Komitee besluit dat 'n Nuusbrief weer hierdie jaar uitgegee sal word.

Maranda noem dat Ruben (winkel) rekenaarvaardig is en dat hy bereid is om die OIV te help. Walter is bereid om dit te doen. Bestuurslede sal help om inligting in te samel vir Walter.

**AKSIE: ALLE BESTUURSLEDE**

## 5.5 WATERVOORSIENING

Buks verklaar dat die filters skoon is, die krake is herstel. Die pompe is getoets.

Beurtkrag is 'n probleem, veral gedurende Desember as hier baie besoekers is. Hy noem dat daar reeds voorstelle vir sonpanele by die boonste waterfonteine en vir die pomp by Umzamowethu ingedien is. By die opvangput moet die pomp se generator werk.

**AKSIE: OTTO EN BUKS**

## 5.6 OMGEWINGSAKE

Walter noem weer van die ingenieur wat aangestel is. Daar is 'n begroting beskikbaar vir werk aan die duine. Die probleem bly dat daar nie drinkwater vir besproeiing van aanplantings gebruik mag word nie.

Otto en Buks onderneem om met Bouwen te praat.

## 5.7 PAAIE

Walter bedank Buks vir sy volgehoue werk. Adriaan noem dat die afvoerslote in Palingstraat toegeskraap is.

Die toestand van die teerpad, asook die kwaliteit van die teer word bespreek. Die water staan in die pad en daarom gaan die gate oop. Afleivore vanaf Katonkelstraat en in Tunastraat by Hannes se huis is nodig.

## 5.8 UMZAMOWETHU.

Adriaan noem dat die gewone sosiale probleme steeds daar is. (Dwelms, werkloosheid)

Otto is van mening dat dit tot Oesterbaai se voordeel sal wees as ons Living Water se planne t.b.v. 'n kliniek sal ondersteun. Adriaan en Walter spreek hulle bekommernis uit oor die personeelvoorsiening van so 'n kliniek. (Gaan die gebou werklik gebruik word of gaan dit 'n herhaling van die tydelike geboue deur die Kouga Windplase vir die doel opgerig wees, wat nie benut word nie en totaal verval). Otto onderneem om met Herman te gesels en inligting in te win oor planne, wetgewing en registrasie van die beplande kliniek.

**AKSIE: OTTO**

**5.9 BRANDWEER**

Riekie noem dat die NSRI plek vir die Brandweerwaentjie het en dat dit daar gestoor sal word.

Dale van waterwerke is besig om 'n opname te maak van die hoeveelheid bykomende brandkrane wat nodig is. In die omgewing waar Walter en die Dorflings woon, is daar byvoorbeeld geen brandkrane nie.

**AKSIE: RIEKIE, BUKS & WALTER**

**5.10 BIBLIOTEEK**

Alles verloop vlot daar. Wag steeds vir plafon.

**5.11 DORPSVERFRAAIING**

**5.11.1 Voetslaanpad**

Walter noem dat hy aangenaam verras is met die Voetslaanpad. Dit is pragtig, oop, skoon en veilig.

Otto onderneem om 'n bruggie te bou oor die pype by die begin van die pad. Hy gaan ook 'n naambord maak. Daar word besluit op JANFREDERIK

**AKSIE: OTTO**

**5.11.2 VOORLEGGING BOUWEN SCHELLINGERHOUT**

(Voorlegging aangeheg)

Die voorlegging word bespreek. Dit lyk na 'n netjiese verbetering vir Oesterbaai. Walter spreek sy vermoede uit dat die onkostes moontlik meer gaan wees. Die rand van die pad is smal op plekke en beeste loop gereeld daar.

Walter en Otto sal die voorlegging met Bouwen bespreek om meer duidelikheid te bekom.

Otto sê ook dat daar te min bome in Oesterbaai is. Die komitee is dit eens dat inwoners aangemoedig moet word om bome te pant.

**AKSIE: OTTO EN WALTER**

**5.12 THYSPUNT**

Walter sê daar is niks nuuts op die website nie.

**5.13 MUNISIPALE WYKSKOMITEE**

Walter noem dat hy maandeliks met Mariekie Smit, Oesterbaai se verkose komiteelid vergader, om 'n verslag te skryf. Die verslae word maandeliks ingedien en so genotuleer. Geen aksie volg egter nie. Walter onderneem om met Shena Ruth, die DA – raadslid, te gesels.

Adriaan noem dat die Speaker aangedring het dat 'n kantoor vir die Wyksraadslid in die Gemeenskapsaal beskikbaar gestel moet word. Ons het voorsiening gemaak vir haar. Sy was 2 maande gelede laas hier. Sy is nie betrokke by Oesterbaai nie, wel tot mindere mate by Umzamowethu.

**AKSIE: WALTER EN ADRIAAN.**

**5.14 KERSMARK/DANS**

Daar is besluit dat daar nie 'n dans of biertuin sal wees nie.

Riekie sê dat die aansoekvorms eersdaags ingestuur sal word. Die Kontreimark sal op 21 Desember 2022 in die saal plaasvind. Die winkel sal ook 'n stalletjie hê. Die OIV sal ook 'n worsbroodjie en koeldrankstalletjie beman.

Riekie sê verder dat daar op die volgende kersmarkvergadering besluite geneem sal word oor vermaak, bv.
'n Colour run,
Hondeskou,
Stranddraf, -loop, ens.

Riekie sal met Lodewyk vergader oor vermaak van Kersvader in sy boot.

**AKSIE: RIEKIE**

**6. NUWE SAKE**

**6.1 OESTERBAAI WINDPLASE GEMEENSKAPTRUST**

Denise Malan van Umzamowethu het op die Komitee gedien. Sy is ongelukkig oorlede. 'n Nuwe lid sal gekies word.

**6.2 STRAND**

Walter bedank almal wat gehelp het met die skoonmaak van die strand gedurende die Junie/Julie oorstromings.

Spesiale dankie aan Monika wat groot sakke geskenk het en Johan Hennop vir die wegry daarvan.

**6.3 KERSDIENS**

Ds. Tiaan van der Merwe sal gereël word. Hy is beskikbaar.

**AKSIE: MARANDA**

**6.4 OPTELTANGE**

Walter stel voor dat die OIV lang tange koop om te help met die optel van vullis.

Adriaan onderneem om by die munisipaliteit uit te vind waar dit gekoop kan word.
**AKSIE: ADRIAAN, ANITA**

**6.5 VULLISDROMME**

Otto bevel aan dat daar nuwe vullisdromme by die parkeerarea en Busstop geplaas word. Die oues is kapot. Hy stel voor dat daar meer op die duine en rotse voor Nick se huis geplaas moet word. Dromme kan by Tommie gekry word.

Walter noem dat Bashien van die Munisipaliteit verantwoordelik is vir die skoonmaak van die dromme.

**AKSIE: OTTO, MARTIENS.**

**6.6 BANKIES OP DIE DUINE**

Buks vra of die OIV bankies op die duine kan sit. Daar is faktore wat 'n rol speel, o.a. die wind, sand. Hoe lank sal die bankies oop wees?

Walter stel voor dat 2 gekoop word en ons dit dan uittoets.

Otto vra of die braaifasiliteite by die ingang na die strand herstel gaan word. Walter meld dat dit deel van die duine rehabilitasie plan van die Munisipaliteit vorm. Hy noem ook dat sommige hengelaars en besoekers soms daar partytjie hou en selfs deurnag kuier – voor die inwoners se huise.

**6 VOLGENDE VERGADERING**

Die volgende vergadering sal by Riekie plaasvind

**7 AFSLUITING**

Walter bedank almal vir hul teenwoordigheid en deelname. Die vergadering word verdaag.

............................................ ............................................

**GOEDGEKEUR**

**VOORSITTER** **SEKRETARESSE**

**DATUM:**